BIOLOGIE HG VR 2 **NOVEMBER 2006**

Vraag 1

1.1 Goed beantwoord.

1.2 Redelik beantwoord. Baie leerders het nie koördinasie en sluitselle reg nie.

1.3 Redelik beantwoord. Punte toegeken aan alle leerders vir 1.3.5.

1.4 1.4.1 en 1.4.2 was goed beantwoord. Maar 1.4.3 was nie goed beantwoord nie as gevolg van interpretasie probleme weens die afwesigheid van die byskrif "light" in die engelse vraestel.

1.5. Redelik beantwoord. In 1.5.1 het baie leerders nie na refleksboog verwys nie. In vraag 1.5.3 het baie leerders die konsep impuls met stimulus verwar.

1.6.1 was swak beantwoord omdat baie leerders die suigkrag van transpirasie-eksperimente met die tempo van transpirasie-eksperimente verwar. 1.6.2 was goed beantwoord. 1.6.3 was swak beantwoord as gevolg van die swak begrip van die kapillariteitsbeginsel. Ook in die Afrikaanse vraestel was die meniskusse nie aangedui nie. 1.6.4 was swak beantwoord omdat baie leerders nie 'n idea gehad het hoe om die vraag te beantwoord nie. Baie leerders het slegs voorsorgmaatreëls bespreek. Dit blyk dat baie leerders nie aan hierdie proses blootgestel was nie. 1.6.5 was redelik beantwoord. 1.6.6 was redelik beantwoord maar daar is te veel leerders wat die hoë humiditeit = lae transpirasietempo beginsel nie verstaan nie.

Vraag 2

2.1 2.1.1 was goed beantwoord. Alhoewel leerders die respons tot sommige vrae verwar het, is 2.1.2 – 2.1.3 was redelik beantwoord. 2.1.4 was goed beantwoord.

2.2.1 – 2.2.3 was goed beantwoord. Sommige basiese foute by baie leerders:

* Kornea bied nie beskerming of behoud van vorm nie.
* Daar is verwaring tussen refleksie en refraksie.
* Leerders verwar kringspiere van iris met siliaarspiere.

Redelik beantwoord. Meeste leerders fokus op bespreking van akkommodasie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord.

Swak beantwoord. Amper 80% van die leerders verskaf slegs die letter maar **NIE** die naam van die dele nie (alhoewel dit in "bold" gedruk was in vraestel). Algemene foute sluit in verwaring tussen hipofise en hipotalamus, serebellum verwar met serebrum en die spelling van medulla oblongata. 2.4 2 was goed beantwoord. 2.4.3 was swak beantwoord.

Vraag 3

3.1.1 – 3.1.2 was goed beantwoord.

3.1.3 Leerders behaal baie punte. Leerders het nie vorige vrae in ag geneem nie en het dus onnodige punte verloor.

Swak beantwoord. Baie leerders beantwoord **C** (Tiroïedklier) in plaas van **A** (pituitêre klier) want hulle het nie die woord **eerste** in die teks opgetel nie.

Leerders behaal baie punte. Baie leerders verstaan nog nie die terugvoermeganisme nie.

3.2.1 Swak beantwoord. Baie leerders verwar die ratio van oppervlakarea tot volume. Nog ‘n feit: kleiner diere verloor hitte **vinniger** en nie meer as groter diere nie.

3.2.2 Swak beantwoord. Baie leerders verstaan nie hoe die vel donkerder raak nie. Ook noem baie leerders dat die donker kleur sonlig aantrek of lok en nie absorbeer nie. Vrae oor temperatuurregulering word oor die algemeen swak beantwoord.

Baie leerders kon nie inligting op grafiek interpreteer nie. Dit het probleme geskep vir die beantwoording van vrae 3.3.1 - 3.3.3.

3.3.4 was swak beantwoord. Veral by Afrikaans leerders, as gevolg van die woord “vel” wat nie in die vraag was nie. Dit beteken dat enige van die grafieke kon gebruik word om die vraag te beantwoord.
Swak beantwoord. Baie leerders was verwar want hulle het aanvaar dat hierdie vraag verwys ook na temperatuur soos die vorige vrae.

Vraag 4

Redelik goed beantwoord. Afrikaans leerders het baie tyd gemors as gevolg van ‘n vertalingsfout.

Redelik goed beantwoord maar daar is nog te veel leerders wie nie basiese berekeninge kan doen nie.

4.1.3 - 4.1.5 Redelik beantwoord. Baie leerders het die vrae nie volledig beantwoord nie. Veral in vraag 4.1.5 het hulle nie proteïene aan ureum, wat ‘n primêre component van urine is, gekoppel nie.

4.2.1 Swak beantwoord.

4.2.2 Redelik goed beantwoord. Baie leerders verwys nie na die nier maar algemene veranderinge in liggaam.

4.2.3 Baie goed beantwoord.

Vraag 5

5.1 Redelik goed beantwoord. Baie leerders het probleme met die verstaan en interpretasie van grafieke.

5.2 Goed beantwoord. Moontlike rede is dat baie leerders begin met hierdie vraag. Leerders wie oormatige opstelle geskryf het (soms tot 3 volle bladsye) het probleme gehad om al die ander vrae volledig te beantwoord.